# NUUS!

ONS TROTS

*Montana Renaissance Aftreeoord in oorsig - Junie 2025*






*Name is belangrik. Daar lê dikwels baie meer in ‘n naam verskuil as wat eerste indrukke vertel. Hierdie betekenis agter ‘n naam het een of ander storie oor waar dit vandaan kom.*



## *Van waar die betekenis ……….”Montana”!?*

### *Spaanse oorsprong*

Die naam "Montana" is direk ontleen aan die Spaanse woord "montaña", wat berg beteken. Inderdaad lê ons “dorpie” dan ook aan die voet van die Magaliesberg reeks.

Die oorspronklike naam is gekies gedurende 'n tyd toe baie Wes-Amerikaanse gebiede benoem is - dikwels met Spaanse of inheemse Amerikaanse invloede - as gevolg van die tale van vroeë ontdekkingsreisigers en setlaars.

### *Gebiedsbenoeming*

Toe Montana in 1864 as 'n Amerikaanse gebied aangewys is, het amptenare in Washington, D.C. die naam gekies om die ruwe, bergagtige aard van die land te weerspieël. Vroeë setlaars en politici het gevoel dit het die essensie van die plek vasgevang, veral die Rotsgebergte wat deur die westelike deel van die streek sny.

### *Inheemse Amerikaanse Teenwoordigheid*

Voordat dit ooit Montana genoem is, was die gebied die tuiste van baie inheemse Amerikaanse stamme, insluitend die Crow, Blackfeet, Sioux, Salish en Cheyenne. Elkeen het name en stories gehad vir die land wat lank voor die Europese naamgewing was. Terwyl "Montana" vandag die amptelike naam is, dui dit op lande wat diep inheemse kulturele en geestelike betekenis het.

### *Bynaam en simboliek*

Montana word dikwels die "Skatstaat" genoem vanweë sy ryk minerale hulpbronne. Die staat se naam en bynaam weerspieël saam sy identiteit: 'n plek van wilde, natuurlike skoonheid en ryk grond, met hoë berge, wye vlaktes en diep kulturele wortels.

## *…….en “Renaissance”?*

Die Renaissance was 'n tydperk in die Europese geskiedenis, rofweg van die 14de tot die 17de eeu, gekenmerk deur 'n herlewing van klassieke kuns, letterkunde, wetenskap en geleerdheid. Die woord "Renaissance" is Frans vir "wedergeboorte", wat die hernieude belangstelling in die antieke kulture van Griekeland en Rome weerspieël.






*Renaissance tydperk:* Ongeveer 1300 tot 1600.

*Oorsprong:* Het in Italië begin en oor Europa versprei.

*Kenmerke:* Herontdekking van klassieke filosofie en tekste. Vooruitgang in kuns (bv. Michelangelo, Leonardo da Vinci). Wetenskaplike vooruitgang (bv. Copernicus, Galileo).

*Humanisme:* 'n fokus op menslike potensiaal en prestasies; groei van literatuur, musiek en argitektuur.

Die Renaissance het die moderne samelewing op verskeie blywende maniere diep gevorm:

*Geboorte van Moderne Wetenskap*

Denkers soos Galileo, Copernicus en Leonardo da Vinci het die grondslag gelê van wetenskaplike metodes - stelsels van waarneming en eksperimentering wat vandag nog gebruik word.

*Vooruitgang in Kunste*
Kunstenaars soos Michelangelo en Raphael het tegnieke soos perspektief, realisme en anatomie in skilderkuns en beeldhouwerk ontwikkel, wat standaarde gestel het wat steeds moderne kuns beïnvloed.



*Opkoms van Humanisme*
Fokus het verskuif van slegs godsdienstige temas na mensgesentreerde waardes, inspirerende bewegings soos demokrasie, individuele regte en onderwyshervorming.

*Drukpers & Geletterdheid*
Gutenberg se drukpers (omstreeks 1440) het boeke goedkoper en meer toeganklik gemaak, wat geletterdheid en die verspreiding van idees 'n hupstoot gegee het – baie soos die internet vandag doen.

*Invloed op taal en letterkunde*
Skrywers soos Shakespeare, Dante en Machiavelli het werke die lig laat sien wat moderne taal, politiek en denke gevorm het.




Kortom, die Renaissance het 'n golf van kreatiwiteit en kritiese denke ontketen wat die grondslag vir die moderne wêreld gelê het in wetenskap, kultuur, onderwys en regering.
Waarom behoort dit dan vir Montana Renaissance se inwoners belangrik te wees dat ons “dorpie” ’n unieke naam het? Dit help om ons “gevoel van behoort”, identiteit en gemeenskap te definieer. Hier is hoekom dit spesifiek vir ons saak maak:

*‘n “Sin van Behoort”:* 'n Naam verbind mense met hul huis. Dit anker hulle aan 'n gedeelde plek, geskiedenis en sosiale struktuur, wat gevoelens van trots en eenheid versterk.

*Kulturele identiteit:* Die naam van 'n plek kan die erfenis, taal of tradisies van sy mense weerspieël. Vir inwoners bevestig dit hul kulturele wortels en hou plaaslike stories en waardes lewendig.

*Erkenning en ‘n Stem:* Wanneer 'n plek benoem word ,veral op 'n manier wat die plaaslike gemeenskap weerspieël, gee dit inwoners sigbaarheid en 'n gevoel dat hul huis saak maak vir die breër wêreld.

*Sosiale en burgerlike betrokkenheid:* Genoemde plekke bevorder burgerlike identiteit. Inwoners is meer geneig om betrokke te raak by plaaslike sake, pleit vir hul gemeenskap en deel te neem aan die vorming van die toekoms daarvan.

*Herinneringe en Nalatenskap:* Plekname dra generasiebetekenis. Hulle bewaar herinneringe, eer voorvaders, of herdenk gebeurtenisse wat betekenisvol is vir die mense wat daar woon.




Daarom reken ek dat elke inwoner van Montana Renaissance met trots deel kan wees van ’n gemeenskap, met so ‘n unieke naam wat soveel geskiedkundige betekenis inhou.

PB

*Bronne:Wikipedia, KI*




# *Tuine*

Nuwe dinge……...





**Die voor…….**



Uitgevang!

Hard aan't werskaf aan die nuwe uitleg




"Van grond tot glorie!"

....en die na







<u>Die Tuinspan</u>

Nic, Barbara, Japie,
William en Peter

"Waar groen groei, leef die hart."




# *Sosiaal*

Die hamburger……...

Soos ons dit vandag ken. 'n Beesvleispastei wat in 'n gesnyde broodjie bedien word. Dit het 'n gedebatteerde oorsprong, maar die meeste koshistorici stem saam dat dit in die laat 19de of vroeë 20ste eeu in die Verenigde State ontwikkel het. So vind Montana Renaissance, die MR'tjies, ook aanklank by hierdie lekker happie, veral as daai vleisie 'n rookgeurtjie het.



Op 10 April neig Montana Renaissance dan ook Amerikaans, maar met 'n groot verskil: die vleisie word gebraai!........nie "ge-barbeque" nie!



*Yummieee!*




# *Sosiaal*



'n Lekker saamkuier met pannekoek oppie stoep.

Broodboomsingel vier hul kwartaallikse verjaardae.







Die verjaardagmaatjies




LM BEGRAFNISSE FUNERALS

*Ons maak 'n verskil / We make a difference*

**LIESL MYBURGH**

699 Chamberlain Street, Deerness
Kantoor ure/Office hours: 8:30 - 15:30
084 589 8967 - (24/7)






# *Ons Mense*

Stoepkuier…...of stoep sit. Maak nie saak nie. ‘n Stoep is ‘n moet. Proteastraat se mense sê so.

Hier is die Proteas dan weer met hulle gereelde stoepkuier waar daar weer vele wyshede en kwinkslae gedeel word.



Die stoep is ’n plek waar mense ontspan, saam kuier, of die buitelug geniet. In baie Suid-Afrikaanse huise is die stoep ’n belangrike deel van hul leefruimte. Hier drink jy soggens jou koffie, gesels met vriende, of kyk hoe die son sak. Die stoep bring mense nader aan mekaar én aan die natuur. Dis ’n plek waar tyd stadig verbygaan en eenvoud waardeer word. Die stoep is deel van’n spesiale wêreld, weg van die gejaag van die lewe.

*"Elke stoep het ’n storie – sit, luister, onthou."*




# *Ons Mense*

## Paasfees - Nagmaal by Montana Renaissance

Tydens die Paastyd, op Woensdag 23 April, het MR inwoners die geleentheid gehad om ‘n Nagmaalsdiens, gelei deur ds Niekie Rothmann van NG Gemeente Magalieskruin, in die saal by te woon.



Die gelykenis van die 10 meisies en hulle lampe in Matt 25:1-13 is uitgebeeld



Daarna is daar lekker saam gekuier.





*Alta Saayman*




# Die MR Witolifant

"Sien die buitengewone."



Die Witolifantwinkel het weer goeie verkope ten bate van die Sosiale fonds ervaar.



*Groot dankie!!*

"Die Vlytige Vingers" was weereens op hul pos om al die lekker gebak en lekkernye voor te sit.




# *Ons Mense*

Waardasievorms moet voltooi word!



Ywerige administrasie word aan die dag gelê.



(Grys)Koppe bymekaar



Groot waardering en spesiale dank aan Engela en Erhardt vir pro-aktiewe optrede en bystand wat op die dag verleen is.





‘n Dag in die geskiedenis!




# *Ons Mense*

Voortrekkers

'n Voortrekkerspan van Kruithoringkommando, die Dolfyne, het op 3 Mei as deel van hulle diensbaarheid uitreik in MR kom kuier. Met hulle vertrek was hulle opmerking: "Ons het gedink ons doen 'n uitreik, maar ons gaan met baie sielskos en baie bederf terug."



Die kuier by Anet Hope waar hulle haar borduurwerk bewonder het, het hulle geïnspireer om nie hulle stokperdjies te verwaarloos nie. Hier bewonder hulle een van Anet se borduurwerke.



# Ons Mense.........

## Voortrekkers

Daarna het hulle saam met Hannetjie Loots die Wit Olifant besoek en al die interessanthede geniet.





By Spike en Elize Henning, was Elize besig om te bak vir die Wit Olifant en Spike het hulle met sy kunstalent beïndruk.



Dirkie en Herman het hulle bederf met 'n bakkie lekker vars gesnyde vrugte. Herman het hulle geïnspireer met praktiese raad en liefde vir die wetenskap. Elkeen het 'n spekboompie gekry en met nuwe oë na die wetenskap gekyk.

*Alta Saayman*


ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!
MONTANA
APTEEK+KLINIEK
10%
PENSIOENARIS
AFSLAG!
ELKE LAASTE WOENSDAG
VAN DIE MAAND!
Ons vriendelike personeel
streef daarna om die verhouding tussen
jou en ons apteek te vergemaklik
Blisterverpakking
Kroniese opmaak van medikasie
Kliniek dienste
IV Therapy Studio
... en vele meer
BESIGHEIDSURE
Maan - Vry: 07:00 - 19:00
Sat: 08:00 - 18:00
Son & Vakansiedae: 09:00 - 17:00
GRATIS AFLEWERING
ONS KLINIEK BIED 'N VERSKEIDENHEID DIENSTE!
Bloeddruk-, Bloedglukose-, Patologiese-, Urine- en Cholesteroltoetse,
Inentings, Vit B12, Vit BCo, Wondsorg, Papsmere en vele meer...
Intravenous
THERAPY STUDIO
012 548 1721/0270/1836
060 736 3010
montana@arrienel.co.za
Zambezi Junction, Winkel 10, H/v Sefako Makgatho & Breedstraat, Montana
www.arrienel.co.za
MOPANI
PHARMACY
ARRIE NEL
PHARMACY GROUP
Family Values,
Value for the whole Family!
thrive
better than well
Pharmacy | Health Shop | Clinic




# *Heuningliefhebbers kuier saam*

Op 3 Mei 2025 het 'n groepie heuningliefhebbers in MR lekker saam gekuier met heuning, jogurt, vrugte en lekker gesels oor bye en heuning.



'n Swerm bye kan vergelyk word met 'n fabriek.
Die koningin is die hoof-uitvoerende beampte. Sy hou orde en al haar bye gehoorsaam haar. Sy is lojaal en hardwerkend met die hormoon: Seromoon.
Werkerbye is onvrugbare wyfies wat al die werk doen, bv.: Sekuriteit by die ingang, oppassers by die larwe en jong bye se selletjies, versorg die koningin. Ouer werkers word veldwerkers om die materiale wat die bye nie self kan vervaardig nie van buite in te bring. Die belangrikste is stuifmeel en nektar wat mettertyd heuning word.
Die hommelbye of dan die mannetjies is ver  in die minderheid. Net een taak vir 'n paar van hulle: om 'n nuwe koningin op haar paringstog te vergesel en sommige wat met haar paar waarna sy dan lewenslank vrugbaar is. Haar werk is om eiertjies te lê waaruit nuwe bye grootgemaak word.
Wanneer kos skaars word, maak die werkers die hommels dood.
Heuning is eeue reeds aan mense bekend. Dink maar aan die Rigter Simson  met heuning uit die leeukarkas en sy raaisel aan die Filistyne sowel as Jonatan, seun van koning Saul met sy spies in die heuningkoek wat hom versterk het.
Die mens het altyd behoefte aan soetigheid gehad. Vroeër was net suikerbeet en suikerriet beskikbaar. Die bye het onder die mens se aandag gekom.






Aanvanklik is swerms bye in die natuur uitgewis om heuning te bekom. Gelukkig was en is daar altyd omgeemense. Bye is waargeneem en eksperimente is uitgevoer.



Dit is interessant dat ‘n blinde man baie van bye te wete gekom het met die hulp van sy siende handlanger. Voedingsbronne is op verskillende rigtings en afstande vanaf die nes geplaas en verskillende kleure merke op bye aangebring en hulle gedrag waargeneem wanneer hulle daarmee in die nes aangekom het. Hulle het verskillende bewegings en sirkels gedans om ander te wete te laat kom watter rigting, afstand en hoeveel voedsel beskikbaar is.
Langsamerhand het die mens gevorder om heuning te ontgin sonder om bye uit te wis. Bye met hulle seshoekige selle het hulle toegang tussen die koeke kon handhaaf. Iemand het daardie 6mm spasie tussen heuningkoeke ontdek en dit word tot vandag die byespasie genoem.
Dit was een van die groot ontdekkings, indien nie die grootste nie van die ordelike werkswyse in die heuninggedeelte van die byekorf. Nou kon bye ordelik benut en tot ’n mate beheer word. Heuningkoeke hang nou aan ‘n raampie in die “super” of heuninggedeelte van die korf en kan geoes word sonder skade aan die bye of infrastruktuur.



Soms word heuning in die koek in flesse bemark. Mens kan dit net so geniet of op warm roosterbrood smeer. Glashouers vir heuning word baie selde, indien ooit gebruik. ‘n Taai smeermes kan ‘n glashouer breek. Geniet jou heuning!! Dit het ‘n ander glukose en ‘n vriendeliker samestelling as rietsuiker.

*Archie Luyt*




Annette Bosman, ons orrelis, groet...........

*"Om te groet is nooit lekker nie - maar ‘n nuwe begin wag."*

In Sept 2017 het ons van Naboom af hier aangeland. Soos baie vrouens was ek onwillig om daar weg te gaan. Toe kry ek ‘n verrassing. Die mense in die stad was baie vriendelik en ons het baie gou tuis gevoel.



Ek was baie bevoorreg om Sondagaande by die Eredienste die sang te begelei. Dwarsdeur my lewe was en is ek betrokke by musiek onder aansporing van my ouers. My liefde vir musiek speel ‘n groot rol in my lewe.

Baie dankie aan julle inwoners vir die spontane en mooi saamsing.

Weens gesondheidsredes verhuis ek nou na Huis Herfsblaar en groet ek julle met baie liefde in my hart. Ek gaan julle regtig mis. Xxx

As daar enige talent in die oord is wat kan help met orrelbegeleiding tydens Sondagaande se eredienste, kontak asseblief vir Rika by die kantoor.

*MR Redaksie*

*"Jou pad lei dalk elders, maar jou voetspore bly hier."*



2Moro's
EAT & DRINK

**Pensionaris Dag**
10% afslag elke Maandag tussen 12:30 en 15:00.
Geen wegneemetes nie.

**Maandelikse Vasvramiddag @ 14:00**
Laaste Woensdag van die maand
R40-00 pp (Tee/ Koffie & Pannekoek)
Bespreek by Ina – 082 416 7073

**Handelsure**
Maandag tot Vrydag: 07:00 tot 17:00
Saterdag: 07:00 tot 15:00
Sondag: GESLUIT
Openbare Vakansiedae: 07:00 tot 15:00

**Aflewerings**
Aflewerings binne 'n radius van 5 km
GRATIS aflewering vir bestellings R250 of meer.
R50 afleweringsfooi andersins.

**Kontakbesonderhede**
071 154 8982

**Sosiale Media**
Facebook: 2Moro's Eat & Drink Bistro
Instagram: 2moros_bistro

**Ligging**
Winkel 10, Montana Value Centre

**Friday Club Montana – Business Networking**
Elke Vrydag 08:00 vir 08:30
Bestel ontbyt van normale spyskaart – eie rekening
Bespreek by Sonette – 076 031 1444






## *I'm clearly ANCIENT*

Someone asked the other day, "What was your favourite 'fast food' when you were growing up?"
"We didn't have fast food when I was growing up," I informed him.
"All the food was slow."
"C'mon, seriously…….. Where did you eat?"
"It was a place called 'home," I explained!
"Mum cooked every day and when Dad got home from work, we sat down together at the dining room table, and if I didn't like what she put on my plate, I was allowed to sit there until I did like it."




By this time, the lad was laughing so hard I was afraid he was going to suffer serious internal damage, so I didn't tell him the part about how I had to have permission to leave the table.
But here are some other things I would have told him about my childhood if I'd figured his system could have handled it:
Some parents NEVER owned their own house, wore jeans, set foot on a golf course, travelled out of the country or had a credit card.
My parents never drove me to school. I had a bicycle that weighed probably 50 pounds and only had one speed (slow).
We didn't have a television in our house until I was 10.
It was, of course, black and white, and the station went off the air at 10 p.m., after playing the national anthem and epilogue. It came back on the air at about 6 a.m.
There was usually a locally produced news and farm show on, featuring local people………..






Pizzas were not delivered to our home…... But milk was.
All newspapers were delivered by boys and all boys delivered newspapers. My brother delivered a newspaper, seven days a week.




He had to get up at 6 every morning.
Film stars kissed with their mouths shut. At least, they did in the films. There were no movie ratings because all movies were responsibly produced for everyone to enjoy viewing, without profanity or violence or almost anything offensive.
If you grew up in a generation before there was fast food, you may want to share some of these memories with your children or grandchildren. Just don't blame me if they bust a gut laughing.
Growing up isn't what it used to be, is it?

## *MEMORIES from a friend:*

My Dad is cleaning out my grandmother's house (she died in December) and he brought me an old lemonade bottle.
In the bottle top was a stopper with a bunch of holes in it. I knew immediately what it was, but my daughter had no idea.
She thought they had tried to make it a salt shaker or something. I knew it as the bottle that sat on the end of the ironing board to 'sprinkle' clothes with because we didn't have steam irons. Man, I am old.
How many do you remember?




Headlight dip-switches on the floor of the car.
Ignition switches on the dashboard.
Trouser leg clips for bicycles without chain guards.
Soldering irons you heated on a gas burner.
Using hand signals for cars without turn indicators.




## *Older Than Dirt Quiz:*

Count all the ones that you remember, not the ones you were told about. Ratings at the bottom.

1. Sweet cigarettes
2. Coffee shops with juke boxes
3. Home milk delivery in glass bottles
4. Party lines on the telephone
5. Newsreels before the movie
6. TV test patterns that came on at night after the last show and were there until TV shows started again in the morning. (There were only 2 channels [if you were fortunate])
7. Peashooters
8. 33 rpm records
9. 45 rpm records
10. Hi-fi's
11. Metal ice trays with levers
12. Blue flashbulb
13. Cork popguns
14. Wash tub wringers




If you remembered 0-3 = You're still young
If you remembered 3-6 = You are getting older
If you remembered 7-10 = Don't tell your age
If you remembered 11-14 = You're positively ancient!

I must be "positively ancient" but those memories are some of the best parts of my life!
Don't forget to pass this along!
Especially to all you're really OLD friends.

*Ek het nie gesê jy is oud nie!*



*…….this was passed on to me!!*


Nederland's Delicatessen
De Soete Inval
Dutch Specialties
Tel : 011-801-4919
www.desoeteinval.co.za
Telephone Number 087 654 7050
Address : Shop 22, Montana Value Centre
Sefako Magatho Dr & Calliandra str , Montana
Shopping Hours: Mon - Fri: 09h00 - 16h00
Sat 08h30 - 13h00
12 uurtje
vanaf 11h00 - 13h00
vanaf begin Junie









*Beste Inwoners,*

Ons doen hiermee ‘n vriendelike maar dringende beroep op julle om aktief betrokke te raak by die **Bestuurskomitee** van ons gemeenskap. Ons gemeenskap is net so sterk soos die betrokkenheid van elkeen wat daarin woon. Hierdie komitee speel ‘n belangrike rol in die beplanning, besluitneming en bestuur van sake wat elkeen van ons raak. Jou stem, jou idees, jou kennis en jou energie is van onskatbare waarde om ‘n veilige, vooruitstrewende en samewerkende omgewing te skep.



Deur deel te neem, help jy om ons woongebied veiliger, meer georganiseerd en beter bestuurbaar te maak. Jou insette is belangrik – of dit nou deur idees, deelname aan vergaderings of ondersteuning van projekte is.



Moenie op die kantlyn staan nie – stel jouself verkiesbaar, en help bou aan ’n beter toekoms. Jou deelname maak die verskil!

***Kom staan saam met ons en wees deel van ‘n positiewe verskil. Die Bestuurskomitee het jou nodig!***





*DIE GEVAAR VAN PLASTIEK EN MIKROPLASTIEK*

Mikroplastiek is klein deeltjies afkomstig van die afbreekproses van plastiek en daar word beraam dat meer as 10 miljoen metrieke ton mikroplastiek jaarliks oor die aarde vrygestel word en skokkend genoeg word dit gevoeg by die vervaardiging van produkte soos verf, skoonmaakmiddels en tandepasta.



Mikroplastiek word gevind in die lug, voedsel, seekos, kraan- en gebottelde water, bier, sout en selfs teesakkies. By die mens is dit gevind in bloed, die brein, longe en plasenta.

Alle plastiekware het deesdae 'n nommer binne 'n driehoek. Koeldrankbottels het meestal 'n nommer 1 wat beteken dat die bottel nie weer gebruik moet word nie. Roomys-jogurt- en ander houers met hoër nommers soos 5, 6 of 7 kan met gerustheid hergebruik word om voedsel in te vries. Bevrore produkte in hierdie houers kan 'n kort rukkie in die mikrogolfoond geplaas word, net om die inhoud los te maak. Sekere plastiekhouers verskaf 'n aanduiding dat hulle vir die volle kookproses in die mikrogolfoond gebruik kan word.




Die besorgdheid oor die bedreiging van die mikroplastiek vir die mens, het veral die afgelope jaar hand oor hand toegeneem. Die bedreiging sluit in die ontwrigting van die mens se hormoonbalans, die versteuring van die fetale- en kinderontwikkeling, asook groei, kognitiewe aantasting, longkomplikasies, wat asma en inflammasie insluit, verterings-probleme en kanker. Mikroplastiek kan ook dien as draers van patogene wat die risiko van oordrag van siektes verhoog. Oseaanbesmetting deur plastiek bedreig die gesondheid van meer as 3 biljoen mense, asook die seelewe.

Die blootstelling aan plastiek en mikroplastiek kan verminder word deur die beperking van plastiekhouers wat vir eenmalige gebruik benut word. Moet ook nie voedsel in plastiekhouers berg nie. Gebruik 'n gesertifiseerde waterfilter om plastiek uit drinkwater te verwyder.

Daar is tans geen wetenskaplik beproefde metode om mikroplastiek uit die liggaam te verwyder as dit reeds in jou liggaam is nie.

*Gerhard Moolman*






# Lag 'n Slag!!



*Lag!...........sodat jou gesig dit weet!!*

*Benoude oomblik*

Op 'n uithangtroue lees die predikant die deel van die formulier voor waarin gevra word dat enigeen wat teen die huwelik gekant is, beswaar moet maak of vir ewig swyg. 'n Mooi elegante vrou in die heel agterste ry van die kerk met 'n baba in haar arms, staan op en stap vorentoe. Meteens is die hele kerk grafstil. Almal se oë is gerig op die vrou wat met die geklik-klak van haar hoëhakskoene in die paadjie afstap kansel toe. Die bruid gee haar een kyk en klap die bruidegom dat die geluid deur die stil kerk weergalm. Die bruid se ma val flou neer. Die strooijonker staar sy vriend met afgryse aan. Die bruid se pa gluur die bruidegom se familie hatig aan. Die predikant vra met 'n droë keel: "W-wat is u b-beswaar, dame? Sy antwoord: "Ek wil net kom sê ons kan niks daar agter hoor nie".



Eksamenflaters:

"Die belangrikste skrywer tydens die Renaissance was Shakespeare. Hy is gebore in die jaar 1564 op sy verjaarsdag. Hy het tragedies, komedies en histerektomies geskryf. "

* Ek het vandag my horlosie en foon vir 'n arm man gegee. Dit het my soveel vreugde gegee om te sien hy sit sy mes terug in sy sak.

* Ek mag nie meer by die dieretuin uithelp nie, net omdat ek die leeu se hok oopgelos het. Wie sal ooit 'n leeu wil steel?

*Rykdom kos dalk te veel. - St. Marc Girardin*


ELEKSA
Go electric Go Eleksa
Electric
VEHICLES
Impi Eland
• Load: 400kg
• High/Low Gear
• Reverse camera
E-Rider
• Load: 150kg
• Rear storage
• Easy to maneuvre
E-Nova
• Load: 200kg
• Up to 50km range
• Automatic
Impi Rooikat
• Load: 500kg
• Solar option
• Road legal
701 Sport
• Speed: 75km/h
• Load: 200kg
• Road legal
012 881 8066
076 611 6203
Shop 23 Montana Value Centre
115 Tibouchina Str, Montana Park, Pretoria
www.eleksa.co.za





# Lief & Leed

## Nuwe Intrekkers



Ná die verhuising van Ian en Jenny du Plooy in Maart 2025 het eenheid 128 ‘n nuwe inwoner gekry nadat Tilla Prinsloo op 25 Maart 2025 daar ingetrek het. Sy het verhuis vanaf Jan Bantjiesstraat in Sinoville waar sy en haar man, Deon , 31  jaar gewoon het. Die laaste 6 jaar het sy alleen in die vierslaapkamerhuis gewoon nadat Deon baie skielik oorlede is.
Tilla was nog haar hele lewe ‘n Pretorianer. Haar pa, Ds AC Sephton was predikant in Bosmanstraat. Die Sephtons het 3 kinders grootgemaak. Sy is dankbaar dat haar broer en suster ook nog steeds in Pretoria woonagtig is. Haar suster gee skool by Laerskool Uniefees in Rooiwal en het ‘n pragtige projek waar sy klere beskikbaar stel vir kinders uit mindergegoede huishoudings. Haar broer is ‘n bekende dokter in die omgewing.



Tilla Prinsloo - #128

Hierdie nuwe hoofstuk in Tilla se lewe hier by Montana Renaissance, het met ‘n redelike bom begin.  Sy het die afgelope 3 jaar sporadies sleg gevoel. Net na haar verhuising hierheen het die dokters agtergekom dat dit galstene is wat haar so pla.  Sy het ‘n redelik groot operasie gehad aangesien daar komplikasies was.  Alida Saunders, ‘n kerkvriendin, het haar oor Tilla ontferm en haar ingeneem en haar versorg deur haar tyd van siekte en herstel. Sy is tans terug in haar huis en is al goed op die been. Sy vertel dat sy 10 jaar in die Tesourie-departement by die stadsraad gewerk het. Op ‘n dag kom ‘n man in haar kantoor op soek na ‘n asblik. (Die aansoeke  vir asblikke was eintlik op ‘n heel ander vloer.) Deon het dikwels gespot en gesê dat hy ‘n asblik gaan soek het en ‘n vrou gekry het, want daardie dag het hy sy toekomstige vrou ontmoet. Tilla sê sy en Deon was 32 jaar gelukkig getroud. Hulle het saam ‘n besigheid bestuur: Deotill, wat hekmotors en veiligheidshekke geïnstalleer het. Sy doen graag naaldwerk en het jare terug trourokke gemaak. Deesdae geniet sy masjienborduurwerk baie meer. Tilla sien uit na die nuwe hoofstuk in haar lewe.
Tilla ons glo dat jy dit baie gaan geniet hier by ons.




## *Nuwe Intrekkers*



Aan die einde van April 2025 verhuis Riekie Jordaan na haar seun-hulle in George. Haar terugvoer uit George is dat dit baie goed gaan.
Op 15 Mei 2025 word Willie en Ria le Roux die nuwe bewoners van #80. Die Le Roux's se huis in Annlin was in die mark en hulle naam was op 'n waglys om na Jasmyn Aftreeoord te gaan. Hulle huis word verkoop maar die deur by Jasmyn bly toe. Gelukkig word #80 in MR beskikbaar en ons glo hulle gaan baie gelukkig hier wees. Ria sê sy het gebid dat die Here vir hulle die deure oop en toe sal maak.
Willie se laaste 30 jaar voor aftrede het hy by Nesca (South African Nuclear Energy Corporation) gewerk en Ria het by 'n kardioloog, dr van Niekerk, die rekeninge hanteer totdat Covid gebeur het. Sy het Covid gekry en was baie siek. Daarna kon sy nie haar werk hervat nie en het longskade daarvan oorgehou.
Uit die huwelik is drie seuns gebore. Vandag spog hulle met drie kleindogters en drie kleinseuns. Twee en 'n half jaar terug het hul oudste seun met sy gesin na Nederland verhuis, maar gelukkig bly die ander twee gesinne nog in Pretoria. Willie gesels elke aand met sy kleinseun Luke, in Nederland, hulle het 'n baie goeie verhouding. Tydens hulle kuier, het Willie met 'n elektriese fiets gery. Hy sê: ”*Dis nou gedoen en dis nou klaar!”* Volgens hom was dit 'n verskriklike ervaring. Jy moet aan die regterkant van die pad ry en die paadjies is nou. Die kleinseuns was baie beïndruk met hulle brawe oupa. Ria se stokperdjies is stap en bak. Willie was 'n kranige jagter op sy tyd, maar hy het nou sy jaggeweer vir sy jongste seun, Willie gegee. Sy ander groot liefde is musiek en hy bestuur sy seun se besigheid wat industriële hoëspoed deure installeer. Die res van die tyd is hy oupa-taxi vir sy kleindogters wat in Sinoville bly.
Willie en Ria, baie welkom en mag julle verblyf hier in Montana Renaissance baie geseënd wees.



*Willie & Ria le Roux - #80*




## Nuwe Intrekkers





Linda van Eck – #116

Gedurende Mei 2025 verhuis Miemie Lehmann #116 weens gesondheidsredes na Bergvallei Aftreeoord en Linda van Eck word die nuwe eienaar.

Linda is ‘n ou inwoner van hierdie omgewing en het alreeds heelwat bekendes in die Montana Renaissance raakgeloop. Sy en haar man Aubrey het lank in Eidelweiss gewoon, later na Rooivink verhuis en nou na MR.

Aubrey was in die boubedryf en hulle was 49 jaar getroud. Ongelukkig het hy Covid gekry en is in Mei 2021 oorlede. Uit die huwelik is twee seuns en vier kleinkinders gebore.

Linda was baie lief vir kleremaak. Veertig jaar terug het sy met ‘n materiaalwinkel, Die Werksmandjie, in Kilnerpark begin. Daar het sy begin met Laslappieklasse wat baie gewild was. Die Aftreeoord, Ebenaezer daar naby, het haar gereeld ondersteun. In 2017 skuif sy vanaf Kilnerpark na haar huis en die Laslappieklasse gaan voort wat toe omgee- en kuiergroepe geword het. Op die oomblik het sy steeds vyf klasse wat eenmaal per maand na haar toe kom.

Linda is op Kroonstad gebore en was lief vir sport. Vandag kyk sy graag na sport-programme en geniet wat sy doen.


Linda, baie welkom in Montana Renaissance en ons sien uit daarna dat jy deel word van ons gemeenskap waar ons glo jy baie gelukkig sal wees.

*"Elke baksteen hou 'n storie vas."*

*"Tuis is waar jou hart lag."*









## "90+ Years of Making Every Moment Count."

Om negentig jaar oud te wees, is ’n merkwaardige mylpaal wat wysheid, volharding en ’n ryk lewenservaring weerspieël. ’n Negentigjarige het dekades se herinneringe en geskiedenis agter die rug – van kinderdae in ’n ander era tot die belewenis van tegnologiese vooruitgang en veranderende wêreldgebeure. Sulke mense dra dikwels diep wysheid en stories met hulle saam en hulle teenwoordigheid is ’n kosbare skat vir familie en gemeenskap. Hul lewensgetuienis dien as inspirasie en herinner ons daaraan om elke dag te waardeer. Elke glimlag dra die krag van jare se liefde, werk en oorwinning oor uitdagings. Om negentig jaar oud te wees, is nie net ’n mylpaal nie — dit is ’n viering van ’n lewe ryk aan betekenis en ervaring. Met trots kan daar teruggekyk word en met dankbaarheid vorentoe.



Anet Hope

Baie geluk, Anet. Baie dankie vir jou voorbeeld van hoop en entoesiasme.

"Nine Decades of Strength, Spirit, and Stories."

★★★★★

# HIRSCH'S HUISWARE MONTANA

GRATIS KOFFIE VIR U IN WINKEL

## Elke Dag is Pensionaris Afslag Dag




Ons Handel in, onderandere Beddens, Sitkamer stelle, Stoele, Yskaste, Vrieskaste, Stowe, Lugverkoeling, Televisies, Ketels



Allan and Richard Hirsch
Shopkeepers

★★★★★

HIRSCH'S MONTANA

Woestyn close, langs Foodovers Montana - Montana Tuine

012-001-7933




DK Dreyer #45 het op Sondag 16 Februarie 2025 gereed gemaak om kerk toe te gaan, maar gou besef hy voel nie lekker nie. Elsa het hom dadelik hospitaal toe geneem. Om 11:00 is hy aan ‘n massiewe hartaanval oorlede. Hy was 86 jaar en 11 maande oud.






DK Dreyer

DK was die maatstaf van wat ‘n mens sou wou hê in ‘n familie: konstantheid, interessantheid en vermaaklikheid.

Enige gesprek met hom sou jou aan dinge laat dink wat jy nog nie self teëgekom het nie.
Sedert Januarie1995 was Elsa en DK deurgaans meelewende inwoners van MR. DK sal onthou word vir sy hulpvaardigheid. Inwoners het hom dikwels besoek om hulp te vra en DK het altyd ‘n plan gemaak. Hy sal ook onthou word vanweë sy blou oorpak op sy fiets, op pad om hulp te verleen.
DK was ‘n vlieënier met ‘n paar duisend vliegure. Sy geskiedenis in die lugmag is legendaries. Hy het o.a. ‘n vliegtuigkaping gefnuik. Hy begin sy vliegopleiding in die SA Leër by 42 Lug Observasie Pos vliegeenheid (Potchefstroom, 1956), ‘n spesiale eenheid wat hulle lede uit die artilleriekorps gewerf het om artillerievuur-rigbeheer vanuit die lug te kan doen (Engels: Forward Air Control). Artillerieteorie en akkurate kaartwerk was van uiterste belang en hierdie vlieëniers is terdeë daarin opgelei. DK begin reeds hier op ‘n vroeë stadium ook sy loopbaan as vlieginstrukteur toe hy in Maart 1963 op die eerste vlieginstrukteurskursus van die eenheid kwalifiseer as instrukteur.






So het hy regdeur sy loopbaan met groot entoesiasme graag studente onderrig in die dissipline en tegnieke van vliegkuns en veral instrumentvlieg-tegniek. Hy doen dit met groot toewyding, selfs tot in sy senior jare by die Suid Afrikaanse Lugdiens as opleidingskaptein op Boeing 747s.

In MR het hy ook met entoesiasme en toewyding 'n verskil gemaak.

Elsa ons treur saam met jou. DK se plek is leeg, maar ons weet hy is nou tevrede by sy hemelse Vader.



Kapt DK Dreyer in gesagvoerderstoel van 'n Boeing 747



Die eerste interne instrukteurs met die eerste kursus studente (DK Dreyer sittende, regs in foto -1963)







In September 2022 word Jan en Dina Louw die nuwe inwoners van #35 nadat Theo Potgieter na Huis Herfsblaar verhuis het.
Jan en Dina was aktiewe en betrokke Krugersdorpers, waar hulle diep spore van liefde, sorgsaamheid, diens en vriendskap getrap het, totdat die groot hartseer van die dood van ‘n dogter en ‘n kleinkind hulle in een week getref het. Die hartseer was groot en Dina het begin siek word. Jan het gehoop dat ‘n verhuising die seer vir Dina meer verdraaglik sou maak.
Dina het stadig begin agteruitgaan.  Agt maande gelede het Jan besef dat hy hulp nodig het, omdat hy nie meer alleen Dina se versorging kon hanteer nie. Dit was ‘n baie moeilike besluit om te neem. Hy het baie gesoek na ‘n geskikte plek waar hy gedink het Dina gelukkig sou wees en die nodige versorging sou kry. Deur ‘n niggie van hom het hy by Charis Eldery Care, waar Nicoleen Dina met soveel liefde en toewyding versorg het, uitgekom. Jan kon Dina gereeld besoek. Vandag kan Jan getuig dat dit die regte besluit was.
Op Saterdagmiddag 17 Mei 2025 het Dina skielik begin sleg voel, Nicoleen het vir Jan gebel. Hulle het ‘n ambulans gekry om vir Dina hospitaal toe te neem waar Dina vinnig en stil oorlede is. Dina se roudiens op Woensdag,28 Mei, val saam met hulle 59ste huweliksherdenking, die enigste dag wat die kerk beskikbaar was.


*Dina Louw*

Jan en Dina het sover moontlik die sosiale aktiwiteite van die oord bygewoon en Dina het dit baie geniet.
Jan ons is saam met jou hartseer. Mag jy beleef hoe die Here die pad vorentoe tree vir tree saam met jou stap.




# Waar's die Smulpape



Hierdie resep werk baie goed, selfs al is die biefstuk effe taai.


SMELT IN DIE MOND BIEFSTUK
Sny 1 kg biefstuk in porsies, sout en peper na smaak. Kap 1 koppie koekmeel daarin. Braai alkant in pan tot bruin, nie gaar. Skep in oondskottel met deksel.
Braai in dieselfde pan 2 uie (gekerf) en skep oor vleis.
In dieselfde pan maak die volgende sous:
1 Eetlepel Bisto
1 Eetlepel melk
1 Eetlepel Worcestersous
2 Eetlepels Tamatiesous
3 Koppies water
Kook goed deur en skep oor vleis en uie. Bak in oond 300 grade Fahrenheit vir 2 en n half tot 3 ure. Sampioene kan ook by die sous gevoeg word.

*Lekker eet!*

*Elize Henning*

*****************




VINNIGE DEGIE VIR WORSROLLETJIES
VLEISPASTEIE EN TERTJIES.

1 x 500g BOTTER
1 KOPPIE KOOKWATER
4 KOPPIES MEEL
8 TEEL. BAKPOEIER

METODE:
RASPER BOTTER EN GOOI KOPPIE KOOKWATER OOR EN ROER VINNIG.
SIF DROË BESTANDDELE IN BOTTERMENGSEL EN VOU MET HANDE VINNIG IN OM DEEG TE VORM.
PLAAS PAAR MIN. IN YSKAS VOORDAT DIT UITGEROL WORD VIR GEBRUIK.

ELSA #47


JACK'S
PAINT & HARDWARE
Heeldag, elke dag is
Pensioenarisse afslag
dag!
Ons offer
die
volgende:
• Sleutels sny
• Gratis koffie
• Hekafstandbeheerders
• Gif en Plantvoedsel
• Skadunet
• Alle soorte gereedskap
JACK'S ZAMBEZI | 012 548 7874
saleszambezi@jackspaint.co.za





# Gesondheid

## Veroudering en jou oë

Soos jy ouer word, is dit normaal om veranderinge in jou sig te sien. ʼn Paar algemene veranderinge vir ouer volwassenes sluit die volgende in:

- Verloor die vermoë om van naby te sien
- Sukkel om kleure te onderskei, soos blou van swart
- Benodig meer tyd om by veranderende ligvlakke aan te pas




Anatomie van die oog

Hierdie probleme word dikwels maklik reggestel. Brille, kontaklense en verbeterde beligting kan jou help en in staat stel om jou leefstyl en onafhanklikheid te handhaaf. Jou risiko vir sommige oogsiektes en -toestande neem toe namate jy ouer word en sommige veranderinge in oë is ernstiger. Hou jou oë so gesond as moontlik deur gereelde oogondersoeke te ondergaan sodat enige probleme vroeg opgemerk kan word.

*Wat kan jy doen om jou sig te beskerm?*

Laat jou oë gereeld deur 'n professionele persoon nagaan - hetsy 'n oogarts of oogkundige. Om enige probleme vroeg te diagnoseer en te behandel, kan help om jou teen verlies van sig te beskerm en dit te voorkom. Maak 'n lys van jou vrae en bekommernisse om met die dokter te deel. Vertel hom of haar watter medikasie jy neem. Sommige kan jou oë beïnvloed.






# Gesondheid

## Veroudering en jou oë ............

Normale veranderinge in die verouderende oog benadeel gewoonlik nie jou sig nie. Soms kan dit egter tekens wees van 'n ernstiger probleem. Jou oë kan byvoorbeeld trane lek. Dit kan gebeur met ligsensitiwiteit, wind of temperatuurveranderinge. ŉ Sonbril en oogdruppels kan help. Soms kan lekkende trane 'n simptoom wees van droë oë of 'n teken van 'n infeksie of verstopte traankanaal. Jou oogkundige kan hierdie probleme behandel.

Almal ouer as 50, sowel as diegene met diabetes of hoë bloeddruk, moet elke jaar 'n verwyde (deeglike intensiewe) oogondersoek ondergaan, selfs al het jy goeie sig en dra jy nie kontaklense of ŉ bril nie. Dit is die enigste manier om 'n paar algemene oogsiektes te vind terwyl dit makliker is om te behandel voordat hulle sigverlies veroorsaak. Ná ouderdom 60 moet jy elke jaar of twee 'n verwyde oogondersoek kry.

Tydens hierdie ondersoek sal die oogkundige druppels in jou oë sit om jou pupille wyer te maak (te dilateer) sodat hy of sy beter binne elke oog kan sien. Jou sig kan ná die ondersoek vaag wees, en jou oë kan meer sensitief vir lig wees. Dit duur net 'n paar uur. Maak ŉ plan vir iemand anders om jou huis toe te bestuur.

As jy ŉ bril of kontaklense dra, laat jou voorskrif ook nagaan. Selfs klein veranderinge in sig kan jou risiko vir val en beserings verhoog. Dit is belangrik om die regte voorgeskrewe bril of kontaklense te gebruik.

Sien jou primêre gesondheidsorgverskaffer gereeld om na siektes soos diabetes en hoë bloeddruk te kyk. Hierdie siektes kan oogprobleme veroorsaak as dit nie beheer of behandel word nie.

*Wenke vir gesonde oë op enige ouderdom*



Daar is dinge wat jy kan doen om jou oë goed te versorg en te help om hulle gesond te hou soos jy ouer word:

- Beskerm jou oë teen sonlig deur ŉ sonbril te dra wat ultraviolet (UV) bestraling blokkeer en ŉ hoed met ŉ wye rand wanneer jy buite is.
- Hou op rook.
- Eet gesonde kos.




# Gesondheid

## Veroudering en jou oë ..............



- Wees fisies aktief en handhaaf 'n gesonde gewig.
- Handhaaf normale bloeddruk.
- Bestuur diabetes (as jy dit het).
- As jy baie tyd by die rekenaar spandeer of op een ding gefokus is, neem elke 20 minute 'n verposing om vir 20 sekondes sowat 20 voet weg te kyk om oogstremming te voorkom.

*Oogsiektes en -toestande*

Die volgende oogprobleme kan tot sigverlies en blindheid by ouer volwassenes lei:

- Ouderdomsverwante makulêre degenerasie (OMD; Engels = AMD) Behandelings is beskikbaar, en spesiale dieetaanvullings kan help om jou kans dat dit erger word, te verlaag.
- Diabetiese retinopatie kan voorkom as jy diabetes het. Dit ontwikkel stadig, dikwels sonder vroeë waarskuwingstekens. As jy diabetes het, maak seker dat jy ten minste een keer per jaar 'n verwyde oogondersoek laat doen. Deur jou bloedsuiker, bloeddruk en cholesterol onder beheer te hou, kan jy diabetiese retinopatie voorkom of die vordering daarvan in vroeë stadiums vertraag. Laserchirurgie in latere stadiums kan soms voorkom dat dit erger word.
- Katarakte is bewolkte areas in die oog se lens wat versteurde of wasige sig veroorsaak. Sommige katarakte bly klein en verander nie jou sig baie nie. Ander word groot en verminder sig. Katarakchirurgie kan goeie sig herstel en is 'n veilige en algemene behandeling.
- Gloukoom word gewoonlik deur te veel vloeistofdruk in die oog veroorsaak. As dit nie behandel word nie, kan dit tot sigverlies en blindheid lei. Mense met gloukoom het dikwels geen vroeë simptome of pyn nie. Gloukoom kan met voorgeskrewe oogdruppels, laser of chirurgie behandel word.
- Droë oë kom voor wanneer traankliere nie goed werk nie. Jy voel dalk 'n steek of brand, 'n sanderige gevoel asof iets in die oog is, of ander ongemak. Droë oë is algemeen soos mense ouer word, veral vir vroue. Behandelings sluit in 'n huisbevogtiger of lugreiniger, spesiale oogdruppels (kunsmatige trane) of salf om droë oë te behandel. Vir ernstiger gevalle kan behandelingsopsies voorskrifmedikasie, traankanaalproppe of chirurgie insluit.




# Gesondheid

## Veroudering en jou oë ............

*Tekens van 'n oog noodgeval - Raadpleeg dadelik 'n oogkundige as jy:*

- skielik nie kan sien nie of alles vaag lyk;
- baie nuwe drywers (klein spikkels of "spinnerakkies" wat lyk of hulle oor jou visie sweef) en/of ligflitse sien; •
- oogpyn het;
- dubbelvisie ervaar; of
- rooiheid of swelling van jou oog of ooglid ervaar

*Wat is swak sig?*

Swak sig beteken dat jy nie jou sig met bril, kontaklense, medikasie of chirurgie kan herstel nie. Swak sig raak sommige mense soos hulle ouer word.

*Jy kan swak sig hê wanneer jy:*

- nie goed genoeg kan sien om alledaagse take soos lees of kook te doen nie;
- sukkel om die gesigte van jou vriende of familie te herken;
- sukkel om straattekens te lees; of
- vind dat ligte nie so helder lyk nie.



Indien jy enige van hierdie probleme het, vra jou oogkundige om jou te toets.

*Wenke wat kan help:*

- Verhelder die beligting in jou kamer.
- Skryf met vet, swart viltpenmerkers.
- Gebruik papier met vet lyne om jou te help om in 'n reguit lyn te skryf.
- Sit gekleurde kleefband op die rand van enige trappe in jou huis om jou te help om dit te sien en te keer dat jy val.
- Installeer donkerkleurige ligskakelaars en elektriese muurkontakpunte sodat jy dit maklik teen ligkleurige mure kan sien.
- Gebruik bewegingsligte wat aanskakel wanneer jy 'n vertrek binnegaan. Dit kan jou help om ongelukke te vermy wat deur swak beligting veroorsaak word.
- Gebruik horlosies met groot syfers en fone met groot skerms; sit grootdruketikette op die mikrogolfoond en stoof.

**SAARP NUUSBRIEF**
***Nommer J215 - April 2025***


vodacom
Chatz
connect
dienste
Nuwe Vodacom
Kontrate
Opgraderings
SIM - Omskakelings
Toebehore
Voor af betaalde
toestelle en Lugtyd
Data
Fibre
Kom gesels met ons
oor al jou selfoonbehoeftes
in jou taal
Chatz Connect
Zambezi
522 Breedt Str, Zambezi Junction
(012) 548 3508
SA's Largest Independent Dealer Channel - exclusive to Vodacom




# *Skielik............*

...........besef jy dat jy nou die ouderdom bereik het van ou mense en dat 15 jaar soos mis voor die son verdwyn het. Net *skielik* is dit onmoontlik om rekenskap te gee daarvan. Waar is die jare heen? Mense sê ouderdom is net 'n nommer, maar so 'n hoë nommer is moeilik. Die aantal pille se getal is ook hoog. So ook die bloeddruk-syfer en die cholesterolsyfer; alles net 'n nommer, maar 'n hoë nommer.



*Skielik* is jou kinders op 'n nuwe pad in hulle eie lewens, en dalk is daar *skielik* pienkvoetjies, maar *skielik* begin jy kwesbaar voel as almal wat óm jou was, nou ook vér kan wees, dalk duisende kilometers weg.

*Skielik* begin jy besef dat die weersiens miskien afgetel kan word op 'n hand of twee.

*Skielik* besef jy dat die gevegte destyds in die huis, nou so sinneloos voel. Was jy dalk te veel kort van draad? Onnodig? Was die gevegte oor die tandepasta se doppie regtig só belangrik?

*Skielik* wonder jy of jy weer so hard sou werk en soveel kere die werk voor die familie sou stel, as jy voor kon begin?

*Skielik* besef jy dat dit absoluut geen langtermynvoordeel ingehou het om altyd net die baas gelukkig te hou nie, want jou pensioen is steeds te min.

*Skielik* besef jy dat mediese sorg onbekostigbaar geword het, juis nou dat jy dit nodig het en dalk is jy spyt daaroor dat jy nie vroeër na jou gesondheid omgesien het nie en 'n slegte lewenswyse nou sy tol eis.

*Skielik* besef jy ook dat die mense in jou binnekring al hoe minder word, want daar word nou bome in jou eie bos uitgekap. Dalk moet jy minder tyd afstaan aan sommige van dié wat wel in jou binnekring is, wat miskien toksies geword het en dat sommige van daardie verhoudinge al die jare net een rigting was en dat jy uiteindelik daarvan bevry kan word..

*Skielik* besef jy ook dat dit goed is om vriende se verhoudinge baie hoog op prys te stel. "Moenie by 'n vriend wat al jou pa se vriend was, verbygaan na jou broer se huis toe as jy moeilikheid het nie: 'n buurman wat naby is, is meer werd as 'n broer wat ver is." (Spr. 27:10)




*Skielik* besef jy dat die jare se vasbyt aan jou geloof, goud werd is, al het daar dalk tye van twyfel gekom en waar jy gewonder het of al hierdie geloof-dinge nie maar net Sondagskoolpraatjies was nie.

*Skielik* besef jy (hopelik) dat daar nét een van twee deure kan wees waardeur jy na die ewigheid toe kan gaan en eventueel besef jy dat die streng God van die Ou Testament, 'n nuwe lewe moontlik gemaak het deur sy Seun Jesus Christus. So dring die besef ook deur dat jy self die sleutel vir daardie deur in jou hand hou.

*Skielik*, werklik oornag, besef jy dat Prediker 12 jou lankal gewaarsku het oor die tye wat kom, daardie tye wat jy nie gedink het jou ooit sal tref nie.

"Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het daar niks aan nie." (Pred 12:1)

Dan, hopelik, begin jy besef dat daardie vasbyt aan belangrike dinge en jou naaste, elke dag gekoester moet word.



*Skielik* besef jy ook dat daar soveel mooi in die lewe is wat jy nooit raakgesien het nie. Die mooi sonsopkoms met wolkies wat kunstig slegs deur die Groot Kunstenaar geskilder kan word. Die uniekheid van elke blom wat wonderbaarlik mooi gemaak is vir jou om te geniet.


Hoe heerlik om te besef dat nuwe wysheid gekom het saam met die grysheid en hoe lekker as jou naastes graag daarvan wil hoor, want dit laat jou tog besef dat jy steeds 'n doel op aarde het en dat jy 'n goeie nalatenskap kan oorgee aan die volgende geslag.

"Wysheid kom in die gryse ouderdom en insig na baie jare." (Job 12:12)

Elke dag is so ongelooflik kosbaar, maak die beste daarvan. Die materiële dinge wat jy nalaat, sal blitsig deur ander opgebruik en vergeet word, maar die liefde wat jy nalaat, sal deur vele nageslagte onthou word.

...........*gekry van iewers...........Skielik!*

# ONS TOETS GEHOOR



## Renaissance
(Kliniek)

### Besoekdatums 2025

| | |
|---|---|
| 13 Februarie | 17 Julie |
| 03 April | 04 September |
| 29 Mei | 23 Oktober |

**DIENSTE tussen 09:00 en 10:00 SLUIT IN:**

- Gehoorsiftings (Skakel vir 'n afspraak)
- Volledige gehoortoetse (Skakel vir 'n afspraak)
- Verskaffing van gehoorapparate
- Skoonmaak van alle tipes apparate
- Ondersoek vir oorwas
- Batterye en toebehore te koop
- Verstellings aan gehoorapparate (Skakel vir 'n afspraak)

**BATTERYE @R30.00**

**Suné Ferreira Oudioloog**
Vanette Bisschoff • Suné Ferreira

Sinoville (012) 565 4619
(012) 567 0157
WhatsApp 066 281 0149




# Strange but true………




## Sailing Stones, US

When visitors stumbled upon scores of heavy stones that appeared to have moved across the dried lake bed of Racetrack Playa in California's Death Valley National Park, leaving a tell-tale trail in their wake, scientists were baffled. How had so many boulders, some weighing 300kg, moved as much as 250m across this remote part of the valley?

It took a NASA scientist to crack the case. In 2006, Ralph Lorenz developed a kitchen table model using a small rock frozen in an inch of water in a Tupperware container to demonstrate ice shove, the phenomenon behind the mysterious sailing stones.

In winter, Racetrack Playa fills with water and the lakebed's stones become encased in ice. Thanks to ice's buoyancy, even a light breeze can send those frozen boulders sailing across the muddy bottom of the lakebed. Stones with rough bottoms leave straight tracks, while those with smooth bottoms drift and digress. Warmer months melt the ice and evaporate the water, leaving only the stones and their mysterious trails.

Visitors can see these sailing stones in a few locations, including Little Bonne Claire Playa in Nevada and most famously, Death Valley's Racetrack Playa.



*https://www.bbc.com/travel/article/20160725-where-nature-plays-magic-tricks*




# *Glo jy in spoke ?*



**Die Kasteel de Goede Hoop**
Dis vanselfsprekend dat die oudste gebou in Suid-Afrika wat steeds in gebruik is ’n paar spoke sal huisves, veral ’n fort soos dié waar honderdes aangehou en gemartel is. ’n Besoek aan die Donker Gat, waar gevangenes in stikdonkerte en koue moes sit, terwyl die branders woes teen die kasteelmure breek, sal enigiemand rillings gee en kan op ’n toer van die Kasteel De Goede Hoop in die Kaapse middestad besoek word.



Een van die spoke wat al hier gesien is, is ’n hartseer grys dame wat ook al in die Tuynhuys gesien is, want daar is blykbaar ’n geheime tonnel wat die twee geboue verbind. Nadat ’n vrou se geraamte in die 1900’s naby die kasteel se ou uitvalpoort opgegrawe is, is die dame se spook egter nog nie weer gesien nie – haar identiteit bly ’n geheim. Dan is daar die spook van Lady Anne Barnard wat graag in die Dolfynpoel bad en die spook van ’n groot, swart hond met bloedrooi oë wat saans in die kasteel se gange waghou. Die bekendste kasteelspook is egter dié van Goewerneur Pieter Gysbert van Noodt, ’n wrede man wat bekend was vir sy mishandeling van slawe en soldate. Sy ongenaakbare behandeling van sy soldate het daartoe gelei dat sewe soldate in 1729 gedros het en vier van die mans toe ter dood veroordeel is in ’n hangseremonie wat Van Noodt nie eens bygewoon het nie. Na oorlewering het een van die vier mans die goewerneur luidkeels vervloek net voor sy doodsvonnis uitgevoer is. Later daardie selfde dag het knegte die niksvermoedende Van Noodt in sy studeerkamer met bloedbelope oë aangetref, morsdood by sy lessenaar ─ daar was vooraf geen teken dat die goewerneur siek was nie.






Die Kasteel de Goede Hoop................

Blykbaar het Van Noodt ’n groot begrafnis gehad wat sy amp gepas het, maar sy kis is met sandsakke gevul en sy lyk is in werklikheid elders begrawe oor sy meerderes hom ná sy vervloeking nie in ’n heilige graf wou begrawe nie. Miskien is dit daarom dat die iesegrimmige goewerneur tot vandag toe vloekend op die kasteel se gronde rondloop en dan net verdwyn ……....

*https://www.lekkeslaap.co.za/blog/af/die-stories-sal-by-jou-spook*












## *SPOOR*

Om te dink dat ‘n massiewe dooie stuk yster op net twee dun ysterstawe kan voortbeweeg, perfek gebalanseer, om draaie, steiltes op en afdraendes af. Maak vuur in sy maag en jy hoor hoe hy stadig begin asemhaal, lewe kry met sy stoom wat hy begin uitspoeg, heen en terug, heen en terug. Sy wiele begin draai, die stange van een wiel na ‘n ander, stoot en trek, stoot en trek. Die sak…ke…ke…pak…ke…ke word hoorbaar, eers stadig en dan al vinniger tot hy ‘n lied van sy eie sing, ‘n vinnige dans van lekkerkry, sakkepakkeke, sakkepakkeke, en so sy spoor agterlaat.



Richard van der Westhuizen sing van die treine tussen stasies en die leë spasies wat agterbly tussen die spore. In die nag skyn sy lig van hoog bo-op sy kop helder, ver, op die spore voor hom. In die dag sien jy die rookkolom wat hy uitblaas en dit toring hoog boontoe soos hy voortbeur om sy bestemming te bereik. Langs die pad ontmoet hy klein haltes en elkeen het sy eie skim, sing hy in die lied. Die monster laat sy hees stem ver oor die vlaktes en tussen berge deur hoor as die fluit oopgetrek word, sy eiesoortige manier van kommunikeer. Die huisies by die haltes se kleurvolle wasgoed wapper op die draad in die wind. Op die stoepies met hul lae muurtjies en die rooi ge-polish-de vloere, sit vroue, sommiges met klein babatjies, met die verwagting dat iets sal verbykom om hul dag op te kikker. Kindertjies met donker velle speel graag langs die spore, dit is gevaarlik, maar hulle word so groot en besef dit nie. Die tydtafels van dié yster-gevaartes ken die kindertjies goed, want soms verminder die monsters bietjie spoed en word daar vrugte vir hulle uitgegooi, of drinkgoed, lekkers, of dalk selfs ‘n geldjie. Hulle mis dit vir niks. Hulle waai en juig en dans, elke keer ‘n nuwigheid, om ‘n grote te sien verbystoom. Die lied praat van die leë spasies wat hierdie monsters agterlaat, maar ek wil daarvan verskil, want sien, vir hierdie vrouens en kindertjies is hierdie gebeure helder in hul onthou en sal dit oorgedra word aan hulle kinders en kleinkinders, hierdie belewenis van dié ystermonsters, dié spore wat hulle in hul lewens gelaat het.




Hoe waardevol is spore nie! Vir veediewe, rowers, of selfs moordenaars is dit iets wat hulle lot kan bepaal. Dit vertel ‘n storie, joune en myne. Hoe trap jy? Sag, versigtig, duidelik, of hard, onnadenkend, of diep? Iemand stuur ‘n foto van ‘n pragtige plek en ek vra hul om te kyk of ons spore dalk nog daar lê, na almal wat ná ons daaroor beweeg het. Spore lê mos vlak op die oppervlak waarop jy beweeg, of vlak in jou kop, of in jou hart, veral dié wat vir ons meer spesiaal is en wat ons saam dra, want dit is goed en hou jou kop skoon. Niemand kan jou keer om dit terug te roep in jou gedagtes en weer en weer aan die lekker daarvan te herkou nie. Sonder dat ‘n mens besef laat jy blywende spore agter, elke handeling ‘n spoor van sy eie. Spore kan hard trap op sagte oppervlakke. Soos die massiewe yster-kolosse net twee spore het wat vir hulle bestem is en waarop hul voortbeweeg, op bepaalde roetes vir hul beplan, is ons bevoorreg om te mag kies waar en hoe ons ons spore neerlê. Dalk op maklike plekke, dalk nie. Sommiges kan ons kies, ander word vír ons gekies. Party spore maak seer, die harde swaar soort. Ander is lig en lekker. Party laat jou koud, ander maak jou hart warm en jy koester dit. Hoe dit ookal sy, ons laat spore agter. Dus, trap fyn en dink voor jy trap. Die mens is aangestel om te heers oor die aarde, dus is ons spore sekerlik die mees prominente. Waar sit ons ons spore neer? En hoe sit ons dit neer?



Moenie te gou spore maak nie en pasop dat jy nie twee rye spore trap nie. Dalk raak jy die spoor byster en dan is daar geen spoor van jou te vinde nie. Trap in jou spoor, dan sal die snuffelhonde nie jou spoor vat nie.

*Groetnis*

*Snuif*



## Begrafnisbrief




Liewe Vader, hoe neem 'n mens afskeid van jou hart se huis, jou veilige plek, jou plek van troos en warmte?

Ons harte is stukkend, maar dankie dat ons net by U voete kan kom sit vir vertroosting.

Ons dank U dat U ons vrou, ma, ouma, dogter, suster en vriendin vir ons geleen het vir 69 jaar.

Elke mens wat oor haar pad gekom het kan getuig van die diep spore wat sy in hulle harte gelos het.

Sy het altyd meer gegee as wat sy geneem het en het alies beter gelos as wat sy dit gekry het.

Haar menswees is nie iets wat in woorde beskryf kan word nie, dit was 'n tasbare ervaring wat almal van ons kon beleef .

Ons sien uit na die dag wat ons mekaar weer kan vashou .

*Montana Renaissance gaan jou mis!*

*Maryna Saaiman*



† *26 Mei 2025*

KONTREI KOMBUIS

*Hierdie nuusbrief is hoofsaaklik bedoel vir die inwoners van Montana Renaissance en word in ligte luim as sodanig aangebied. Die inhoud weerspieël nie noodwendig die menings van die Redaksie of die Bestuurskomitee nie en is nie bedoel vir publikasie nie. Kopiereg is streng voorbehou en geen foto of gedeelte van die nuusbrief mag afgelaai of gedeel word sonder toestemming van die Redaksie nie. Hierdie nuusblad is ook in elektroniese formaat beskikbaar (met toestemming van MR Redaksie).*

